# Februarie was 'n belangrike maand vir verbruikers

**deur Tendani Mantshimuli, verbruikersekonoom, Liberty Life**

In die loop van Februarie was daar verskeie groot ontwikkelinge wat 'n uitwerking op verbruikers gehad het: die begroting wat die belasting-las van die middelklas vergroot het; inflasie wat effens afwaarts geneig het; die aankondiging van Eskom se prysverhoging; en laastens beter ekonomiese syfers as wat verwag is.

## 'n Verrassing in ekonomiese herstel

Die tafel is gedek vir 'n matige ekonomiese herstel in 2010. Statistiek SA het die jongste BBP vrygestel, wat aandui dat die ekonomie in die laaste kwartaal van 2009 'n stewige groeikoers van 3.2% aangeteken het, wat aansienlik hoër is as markverwagtinge. Dit is grootliks te danke aan 'n beduidende herstel in die vervaardigings- en die mynbedryf wat deels baat gevind het by 'n hernieude vraag na metaal uit China. Die volgehoue swak vertoon in die handelsektor was 'n bron van kommer, aangesien dit 'n regstreekse aanduiding is van hoe verbruikers in die ekonomie vaar. Ons verwag dat huishoudelike verbruiksbesteding ook steeds 'n mate van sluimerende swakheid sal vertoon wanneer die Reserwebank in Maart sy *Kwartaallikse Bulletin* publiseer.

## Inflasie daal verder

VPI-inflasie het van 6.3% in Desember tot 6.2% in Januarie gedaal. Na verwagting sal inflasie gedurende die tweede kwartaal van 2010 weer op teikenkoers wees. Dit is belangrik vir verbruikers om te weet dat prysverhogings stabiel en voorspelbaar sal wees omdat inflasie nie net koopkrag nie, maar ook spaargeld erodeer. Die grootste enkele bedreiging vir inflasie bly steeds die verhoging van elektrisiteit.

## Eskom-prysstygings word aangekondig

Die Nasionale Elektrisiteitsreguleerder het aan Eskom 'n trapsgewyse tariefverhoging toegestaan: 24.8% in April vanjaar, 25.9% in April 2011 en 'n verdere 25.9% in April 2012. Hierdie koers is van toepassing op regstreekse Eskom-kliënte, terwyl munisipale kliënte effens minder sal betaal. Verder sal lae inkomste-verbruikers kruissubsidies ontvang. In sy begrotingsrede van 2010/11 het die Minister van Finansies voorsiening gemaak vir byna R7 miljard vir munisipaliteite om die uitwerking van tariefverhogings vir lae inkomste-verdieners mee te versag. Gedurende 2010 sal die eerste ronde se uitwerking sowat 0.5% tot die verbruikersprysindeks bydra. Dit is moeilik om die uitwerking van die tweede ronde verhogings akkuraat te voorspel, wat deurgegee sal word aan verbruikers deur sakeondernemings wat gedwing word om hul pryse te verhoog; maar die gesamentlike uitwerking is dat inflasie moontlik later in die jaar uit die teikenveld sal beweeg. Die goeie nuus is dat die verhoging aansienlik minder was as die 35% waarvoor Eskom aanvanklik gevra het.

## Die rentekoers-debat

Hoewel die mandaat van die Reserwebank nie verander is van die inflasie-teikenveld van tussen 3 en 6% nie, is dit wel uitgebrei ten einde ook na ekonomiese groei te kyk. Dus, al sou inflasie buite die teikenveld beweeg, word geen koersverandering vir die grootste deel van 2010 verwag nie. Aangesien groei na verwagting deur die jaar sal verbeter, sal 'n rentekoers-daling om groei te stimuleer, nie vir die sentrale bank

‘n onmiddellike bron van kommer wees nie. Na wat berig word, het die monetêre beleidskomitee (MBK) by sy laaste vergadering egter oor ‘n rentekoersverlaging gedebatteer voordat daar besluit is om rentekoerse onveranderd te laat. ‘n Skraal kans vir ‘n verlaging bestaan dus steeds.

## Opsomming van 2010/11-begroting

### Moeilike tye

Soos wat met almal van ons die geval is, moes die Suid-Afrikaanse regering ‘n begroting opstel wat op sy inkomste- en uitgawe-prioriteite gebaseer is. Op 17 Februarie het minister Pravin Gordhan sy begroting in die Parlement ter tafel gelê. In vergelyking met mnr Trevor Manuel het min. Gordhan ‘n moeiliker taak gehad, omdat hy die leisels oorgeneem het terwyl die land midde-in sy eerste resessie in 17 jaar was. Dit beteken dat staatsinkomste, wat primêr uit maatskappy- en persoonlike belasting kom, skade gely het. Gedurende ‘n resessie maak maatskappye minder geld, mense se verdienste styg stadiger en, nog erger – hulle verloor hul werk. Om daardie rede het die begroting, hoewel dit redelik gebalanseerd was, nie voorsiening gemaak vir soveel belastingverligting soos in vorige jare nie. Erger nog: die begrotingsurplus van die afgelope paar jaar het omgeswaai tot ‘n tekort, omdat die regering noodgedwonge groter uitgawes as inkomste het en sal moet leen om die agterstand in te haal.

### Min belastingverligting

Daar was geen groot veranderinge in die belastingbeleid vir individue of maatskappye nie. In ooreenstemming met die swakker inkomstestroom het vanjaar se begroting deur die bank belastingverligting van R6.5 miljard opgelewer, wat ‘n skerp daling verteenwoordig vanaf die R13 miljard wat in die 2009/10-begroting toegestaan is. Terwyl laer inkomstegroepe meer bevoordeel word, ervaar mense wat meer as R300 000 verdien, inderwaarheid ‘n ‘vernouing’, wat beteken dat belastingverligting nie ten volle vergoed vir die uitwerking van inflasie nie. Die minister het ook gewaarsku dat ons in die toekoms verhogings te wagte moet wees, omdat noodsaaklike staatsbesteding gefinansier moet word.

### Aansporings om te spaar

In lyn met wat die minister “die regering se doelwit om groter nasionale besparing aan te moedig” noem, is die belastingvrye spaardrempels van rente en dividende verhoog van R21 000 tot R23 300 vir belastingbetalers onder 65 jaar en van R30 000 tot R32 000 vir dié ouer as 65 jaar.
In die lig van hoe stram die begroting is, dui dit daarop dat die regering **‘spaar’** as ‘n nasionale prioriteit beskou deur hierdie aansporing te vergroot.

### Aansienlike verhoging in brandstofbelasting

Belasting op brandstof is met 25.5c per liter verhoog. Dit was ‘n aansienlike verhoging en sal ‘n uitwerking op ons besteebare inkomste hê. Dit het ‘n spesiale heffing van 7.5c ingesluit om te help om die nuwe pyplyn tussen Durban en Gauteng te finansier. Die totale belasting wat op ‘n liter petrol betaal word, staan nou op R2.44 en vir diesel is dit R2.29. Soos te wagte was, sal daar binnekort ook in ooreenstemming met die regering se onderneming om die omgewing te beskerm, koolstofvrylatingsbelasting op nuwe motors gehef word.

### ‘Sonde’-belasting

Soos verwag is, is belastings op die sogenaamde ‘sondes’ verhoog, hoewel die verhogings marginaal minder as verlede jaar se verhogings is; slegs tradisionele bier is nie by die verhogings ingesluit nie. ‘n Pakkie sigarette sal byvoorbeeld R1.24 meer kos, ‘n 340ml blikkie bier sal 6.5c meer kos, terwyl jy R2.22c meer sal moet opdok vir ‘n 750ml bottel sterk drank. Daar hang ook ‘n swaard oor die toekoms, aangesien die minister in sy begrotingsrede aangedui het dat, ‘aangesien die belastinglas-maatstawwe terugdateer na

2002, en met inagneming van die maatskaplike behoefte om alkoholmisbruik te stuit, sal ‘n konsultasieproses om hierdie maatstawwe aan te pas, in 2010 intensifiseer”. Dus verdere verhogings op die horison!

## Maatskaplik

Die regering het voortgegaan met die vergroting van die maatskaplike toelaag-netwerk deur verlede jaar aan te kondig dat daar ‘n gefaseerde uitbreiding van die ontvangers van ‘n kinder-onderhoudstoelaag tot op 18 jaar sal wees. Die ouderdoms- en pensioentoelaag is met R70 verhoog tot R1 080 per maand, terwyl die kindertoelaag met R10 tot R250 per maand verhoog word. Dit is ‘n belangrike bron van inkomste vir die armste sektor van ons bevolking en dit herbevestig die regering se onderneming om ook die lewensgehalte van arm Suid-Afrikaners te verbeter. Altesame R89 miljard is daarvoor begroot.

*“Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.”*